

21 Desember

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:16 – 5:10
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:9

God gee vir ons 'n waarborg vir ons ewige Vaderhuis

Om dood te gaan, is vir die meeste mense 'n vrees. Mense wat nie in God glo nie, sidder vir die dood, want hulle het nie sekerheid wat met hulle gaan gebeur ná die dood nie. Daarom is ons as Christene, wat glo dat ons Here Jesus Christus vir ons aan die kruis gesterf het, baie geseënd. Want God leer vir ons in sy Woord en veral in die spesifieke teks, wat met ons gaan gebeur as ons doodgaan.

In die tyd wat die brief aan die Korintiërs geskryf is, was daar 'n groot gestryery onder die Grieke oor die lewe na die dood. Hulle het geglo dat die liggaam nie ook uit die dood sal opstaan nie. As antwoord op hierdie dwaling skryf Paulus aan die gemeente in vers 1 dat hulle nou maar net in 'n tydelike woning (tentwoning) bly, maar dat hulle eendag 'n vaste gebou in die hemel sal ontvang wat deur God toeberei is. Ons moet egter mooi verstaan dat Paulus hier nie sê ons liggame gaan volmaak wees die dag as ons sterf nie, maar hy verwys daarna dat ons liggaam en siel weer verenig sal word die dag as Jesus Christus weer kom (1 Tess, 4:15-17). Verder lees ons ook dat God hierdie oorgang tussen die aardse liggaam en ons ewige liggaam toeberei het en Hy gee ook vir ons die waarborg daarvan – dit is die Gees.

Hierdie gedeelte gee ons nie maar net die troos dat ons liggaam nie meer aan siekte en seerkry onderworpe gaan wees nie, dit gee ons ook die vaste wete dat ons met ons Here verenig gaan word (5:9). Juis om hierdie rede is dit nie meer vir ons nodig om vir die dood te vrees nie, want die dag as ons doodgaan, gaan ons met ons Vader in die hemel verenig word. Omdat ons nou die troos het, wil ons as kinders van die Here tot sy eer lewe en sy wil doen(5:9).

Leef daarom as getrooste elke dag tot eer van die Here.

Sing: Skrifberyming 8-1:2

Teologiese Student Dirk de Bruyn